2023 NELSPRUIT Eisteddfod

# NELSPRUIT EISTEDDFOD 2023

| | | |
|---|---|---|
| **Voorsitter** | Verna Walters | 082 804 7898<br>verna@nelspruiteisteddfod.co.za |
| **Ondervoorsitter** | Braam Smit | 082 710 3570<br>braam@nelspruiteisteddfod.co.za |
| **Tesourier** | Dirk Matthee | 072 355 7893<br>dirk@jdraccounting.co.za |
| **Administrasie** | Wilna Erasmus | 071 284 1085 & 082 557 8325<br>wilna@nelspruiteisteddfod.co.za |
| **Webblad en Bemarking** | Braam Smit | 082 710 3570<br>braam@nelspruiteisteddfod.co.za |

| Afdeling | Afdelingshoof | Kontakbesonderhede | Kode | Datum |
|---|---|---|---|---|
| **Afrikaans Voordrag en Drama** | Marli Fritz | 082 451 3157<br>marlifritz12@gmail.com | AFR | 24 – 28 Julie |
| **Dans** | Tanya Edwards-Smith | 082 451 2564<br>ridsdance@gmail.com | DNC | 7 – 11 Aug |
| **Musiek - Instrumentaal** | Quewlynn Bhana | 072 684 8748<br>quewlynnb@gmail.com | IMC<br>IML | 14 – 19 Aug |
| **English Speech & Drama** | Lexa Pool | 083 600 1775<br>lexap300@gmail.com | ENG | 31 Jul – 4 Aug |
| **Musiek – Vokaal<br>Kore** | Braam Smit | 082 710 3570<br>braam@nelspruiteisteddfod.co.za | MVC<br>MVL<br>CHR | 28 – 31 Aug<br><br>1 September |
| **Visuele Kunste, Ontwerp & Fotografie** | Eugené Wait | 082 879 9333<br>Den.ateljee.nelspruit@gmail.com | ART | Inhandiging: 7 & 8 Aug<br>Afhaal: 15 September |
| **Eisteddfod Gala aand** | Wilna Erasmus | 082 557 8325<br>wilna@nelspruiteisteddfod.co.za | | 15 September |

**INSKRYWINGS OPEN 17 MAART 2023**

**SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: 20 MEI 2023**

# ALGEMENE REËLS EN REGULASIES

**Belangrik: Betalings moet gemaak word saam met inskrywings. Geen betaling, beteken dat die deelnemer ongelukkig nie aan die Eisteddfod kan deelneem nie, al is hy/sy ingeskryf.**
**Alle Eisteddfodreëls moet streng nagekom word om diskwalifikasie te voorkom.**

## INSKRYWINGSPROSES

1. **REGISTRASIE VAN AFFILIATE (GEBRUIKERS) EN INBETALINGSVERWYSING NOMMER**
   - **Elke onderwyser, afrigter, persoon of skool** wat deelnemers wil inskryf moet registreer op die webblad, **www.nelspruiteisteddfod.co.za** om 'n affiliaat te word. **Indien u reeds geregistreer het gedurende 2022, sal dit nie nodig wees om weer vir 2023 te registreer nie.**

   - **Slegs van toepassing op nuwe affiliate (gebruikers):** Voltooi asseblief die registrasievorm op die webblad se "Kontak ons" blad, of volg die skakels.
     **Na ontvangs van die registrasievorm, sal die affiliaat (gebruiker) geskep word en per e-pos 'n gebruikersnaam en wagwoord ontvang. Slegs dan sal die affiliaat kan inskryf vir die Eisteddfod.**

   - Slegs elektroniese registrasies en inskrywings via die webblad sal aanvaar word.

   - **Geen persoon kan inskryf vir die Eisteddfod indien die bogenoemde stappe nie gevolg is nie.**

2. **INSKRYWINGSFOOIE**

| | |
|---|---|
| Solo | R 120-00 |
| Duet | R 75-00 pp |
| Klein groep 3-10 lede | R 60-00 pp |
| Groepe 11 + | R 35-00 pp |
| Kore | R 25-00 pp |
| Kompeterende Items | R 230-00 |
| Visuele Kuns en Fotografie | R 120-00 pp |
| Rock Groepe | R 430-00 |

3. **BETALINGS:**

   ***BETALINGS MOET GEMAAK WORD MET INSKRYWING. GEEN BETALING, GEEN DEELNAME, AL IS DIE VOORNEMENDE DEELNEMER INGESKRYF.***

- **INSKRYWINGSGELDE IS NIE TERUGBETAALBAAR NIE**
- **INSKRYWINGS MOET TEN VOLLE BETAAL WEES MET INSKRYWING.**
- **INDIEN INSKRYWINGSGELDE NIE BETAAL IS NIE, KAN DEELNEMERS NIE OP DIE PROGRAM VERSKYN NIE EN WORD HULLE BESKOU AS NIE INGESKRYF NIE.**
- **INDIEN 'n FAKTUUR BENODIG WORD, KAN DIE STELSEL DIT OP AANVRAAG UITDRUK.**
- **BANKBESONDERHEDE VERSKYN OP DIE FAKTUUR.**
- **DIE STELSEL VOORSIEN 'n SPESIFIEKE INSKRYWINGSNOMMER WAT AS VERWYSINGSNOMMER OP INBETALINGS GEBRUIK MOET WORD WANNEER BETALINGS D.M.V. DIREKTE DEPOSITO's OF EFT's GEMAAK WORD.**
- **BEWYS VAN BETALING MOET GESTUUR WORD AAN wilna@nelspruiteisteddfod.co.za**
- **DIE STELSEL VOORSIEN OOK VIR KITSBETALINGS. DAAR IS WEL 'n TRANSAKSIEFOOI HIERAAN VERBONDE.**

**OUDERDOMBEPALING VAN DEELNEMERS**

- In sekere dissiplines sal **die ouderdom** van die deelnemer van toepassing wees.
- Ouderdomme word bepaal soos op **31 Desember 2023**. As 'n deelnemer dus op 31 Desember 2023 **10 jaar oud** is moet hy/sy as o/11 ingeskryf word.

| | | |
|---|---|---|
| **Let wel**: | LAERSKOOL | = Graad 1 – 7 |
| | HOËRSKOOL | = Graad 8 – 12 |

- **Let daarop dat die volgende kategorieë op ouderdom gebaseer is:**
  **Visuele Kunste en Fotografie (ART)**
  **Dans (DNC)**
  **Musiek Instrumentaal Klassiek (IMC)**
  **Musiek Vokaal (MVC)**

  Alle ander afdelings is gebaseer op die **graad** waarin die deelnemer is.

## 4. ELEKTRONIESE INSKRYWINGS

- **Inskrywings open op 17 Maart 2023.**
- **Slegs elektroniese inskrywings sal aanvaar word.** Volg die aanwysings op die tuisblad van die Eisteddfod se webblad by www.nelspruiteisteddfod.co.za
- **Daar is handleidings en videogrepe op die stelsel wat die inskrywingsproses verduidelik.**
- Die Eisteddfodneem geen **verantwoordelikheid** vir foutiewe inligting wat deur die affiliate op die stelsel ingevoer is nie.
- Vir betalingsdoeleindes, maak asseblief gebruik van die **inskrywingsnommer** as verwysing**.**
- Skakel die administratiewe beampte vir **enige navrae.**

## 5. BESONDERHEDE VAN INSKRYWINGS

- Alle inligting wat benodig word moet op die inskrywingsstelsel ingevul word.
- **Kontroleer** alle deelnemers se besonderhede ten opsigte van ouderdom, graad, korrekte spelling van naam, itemnommers en kodes. **Die naam verskyn op die sertifikaat soos dit op die stelsel verskyn.**
- Maak seker dat deelnemers vir die **regte kategorie** ingeskryf word. Elke affiliaat word verantwoordelik gehou vir die korrektheid van gegewens. Indien die gegewens verkeerd is, kan die deelnemer gediskwalifiseer word.
- Indien daar deelnemers met **spesiale behoeftes is, moet** die **SP kode** in die "**NOTA" blokkie** ingevul word wanneer die deelnemer se besonderhede ingevoer word.
- **Geen werk mag in meer as een afdeling aangebied word nie.**
- Geen deelnemer mag in **twee agtereenvolgende** jare **dieselfde** werk aanbied nie.
- ʼn Deelnemer mag slegs **een keer per item deelneem**, behalwe in die geval van **Musiek Instrumenteel**, waar die deelnemer ʼn ander instrument bespeel.
- ʻn Deelnemer mag in individuele items slegs in sy eie ouderdomsgroep deelneem.
- Die **oudste deelnemer se ouderdom** of **hoogste graad** is bepalend by groepitems. Familie groepitems is uitgesluit en die item word in geheel beoordeel.
- Inskrywings sluit op **Vrydag 20 Mei 2023**.
- **Geen laat inskrywings kan geakkommodeer word nie omdat die stelsel dit nie toelaat nie. Deelnemers wat NIE op die program verskyn nie, sal nie tydens die verloop van die Eisteddfod aan enige afdeling kan deelneem nie.**

## 6. ONTTREKKING VAN DEELNEMERS

- Indien ʼn deelnemer onttrek, verbeur hy/sy die inskrywingsgeld.
- Indien ʻn individuele deelnemer onttrek mag hy/sy **onder geen omstandighede deur ʼn ander deelnemer vervang word nie**.
- Indien daar onttrekkings is voor die program opgestel is, moet die afdelingshoof so gou moontlik in kennis gestel word. (Sien kontakbesonderhede op bladsy 1).

## PROGRAM

- Die program sal gekommunikeer word en ook op die webblad beskikbaar wees.

- **Daar moet gehou word by die voorgeskrewe tyd per item** soos van toepassing en aangedui in die betrokke prospektusse. **Tyd toegelaat mag nie oorskry word nie.**
- Enige item- en datum veranderings tydens die Eisteddfod sal **SLEGS** toegelaat word indien die afdelingshoof dit goedkeur. Sodanige item sal, indien moontlik, aan die einde van die dag se program bygevoeg word of op die laaste dag van die afdeling.
- Die Eisteddfod kan ongelukkig nie voorsiening maak vir programtye wat bots met buitemuurse aktiwiteite nie.
- Die Eisteddfod doen sy uiterste bes om te verseker dat elke afdeling se program vlot verloop.  Faktore buite ons beheer mag dalk hiermee inmeng. Sou dit die geval wees, sal die Eisteddfod, waar dit moontlik is, alle affiliate hiervan in kennis stel.
- **Programveranderings of verskuiwings** moet per **e-pos** aan die toepaslike afdelingshoof gerig wees, en sal slegs indien moontlik gedoen word. Die e-pos met die afdelingshoof se antwoord moet **by registrasie ingehandig word**.
- **GEEN** deelnemers sal tydens beoordeling geskuif word nie; spesifiek nie tydens die beoordeling van Afrikaans Voordrag en Drama en English Speech and Drama waar twee of meer beoordelaars betrokke is nie.
- **Covid protokol:** Die Nelspruit Eisteddfod verwag dat almal by die regering se Covid-19 regulasies sal hou.
- **Beurtkrag** kan dalk die verloop van die program verhinder. Die Eisteddfod strewe na die vlot verloop van die program, maar kan nie verantwoordelik gehou word vir enige onvoorsiene kwessies nie.

## LOKALE

- Alle afdelings, word beoordeel by die **COMMUNIO Ouditorium en Kerksaal, H/v Jakaranda en Kaapschehoop Str, Nelspruit.**
- Let wel: die Eisteddfod verwag dat **streng dissipline gehandhaaf sal word** ten all tye, en dat deelnemers, veral groepe, te alle tye onder behoorlike toesig sal wees. Dit is die prerogatief van die afdelingshoof om deelneming te kanselleer indien daar enige voorvalle van wangedrag sou ontstaan.

## REGISTRASIE  (tydens die Eisteddfod)

- Alle deelnemers moet **30 minute** voor hul optrede registreer (**60 minute** voor optrede in die geval van die **Dans afdeling**).
- Registrasietafels is in die voorportaal van die **COMMUNIO Ouditorium.**

## SERTIFIKATE

Beoordelaars maak van die volgende skaal gebruik vir die toekenning van sertifikate:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 90+ | A++ | Uitstaande | PRESTIGE |
| 85 – 89 | A+ | Uitstekend | GOUD |
| 80 – 84 | A | Baie goed | GOUD |
| 75 – 79 | B+ | Goed | SILWER |
| 70 – 74 | B | Bemeester | SILWER |
| < 69 | C | Redelik | BRONS |

- Vir elke item word 'n beoordelaarsverslag en sertifikaat uitgereik.
- **Elke persoon wat deelneem aan die Eisteddfod ontvang 'n sertifikaat.**
- **Die beoordelaar se beslissing is finaal**. Geen bespreking met die beoordelaars sal geduld word nie.
- Beoordelaars mag deelnemers **diskwalifiseer** indien die Eisteddfod se reëls en bepalings nie nagekom word nie, of in die geval van plagiaat.
- GEEN deelnemers, afrigter, ouer, ens. word by die beoordelaarstafel toegelaat tydens beoordeling nie. Dit sal die prerogatief van die Afdelingshoof wees om diskresioneel persone weg te wys van die beoordelaarstafel af.

## TOEKENNINGS

- Toekennings sal slegs gemaak word aan deelnemers wat vir die **Kompeterende Afdelings** inskryf.
- Die minimum kwalifiserende punt is **85%.**
- Toekennings sal deur die beoordelaar oorhandig word **aan die einde** van elke Kompeterende Program afdeling.
- Addisionele toekennings deur vriende van die Eisteddfod en borge word ook gemaak en word onderskeidelik in elke afdeling se prospektus aangedui.
- Deelnemers moet aan 'n **minimum van 3 dissiplines** deelneem om te kwalifiseer vir die Veelsydigheidstrofee.
- Die Veelsydigheidstrofee sal tydens die **Eisteddfod Gala aand** aan die wenners van die Junior- en Seniorafdeling oorhandig word. Daar word van 'n formule gebruik gemaak om die wenner te bepaal. Die hoeveelheid

afdelings waaraan deelgeneem is asook die hoogste gemiddelde punt wat behaal is word onder andere in aanmerking geneem.

## TAALGEBRUIK EN KLEREDRAG

- Geen onwelvoeglikhede betreffende taalgebruik en kleredrag sal by enige verhoogoptrede geduld word nie en mag tot diskwalifikasie lei.
- Geen sensitiewe, politieke of godslasterlike teks sal toegelaat word nie.
- Maak asseblief seker dat die **inhoud van die stuk** wat die deelnemer voordra, met sy/haar **ouderdom vereenselwig kan word.**

## DEELNEMERS MET SPESIALE BEHOEFTES

- Spesiale reëlings word getref om deelnemers met spesiale behoeftes te akkommodeer. Die deelnemers kan vir enige item inskryf en sal apart beoordeel word.
- Vul asseblief die **korrekte SP kode in die NOTA blokkie** in wanneer die deelnemers se besonderhede ingevoer word.

| **BESKRYWING** | **SP KODE** |
|---|---|
| SPESIALE GEHOORBEHOEFTES | SPA |
| SPESIALE INTELLEKTUELE BEHOEFTES | SPI |
| SPESIALE VISUELE BEHOEFTES | SPV |
| SPESIALE LEERBEHOEFTES | SPL |
| SPESIALE FISIESE BEHOEFTES | SPP |

## EISTEDDFODGALA AAND

- Die Gala aand vind plaas op 15 September 2023 te Communio kerk met ‘n kleedrepetisie op 14 September. Die Veelsydigheidstrofeës word by hierdie geleentheid toegeken.
- Die kriteria om deel te neem aan die Gala aand sluit in maar is nie beperk tot: Vermaaklikheidswaarde, die kwaliteit van die optrede asook die verskeidenheid van die optredes. Simbole en/of toekennings verwerf tydens die Eisteddfod verseker nie outomaties deelname aan die Gala aand nie. Die Komitee se besluit hieroor is finaal en nie onderhandelbaar nie.

## SKADELOOSSTELLING:

- Die Nelspruit Eisteddfod aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verliese, skade of beserings tydens die verloop van die Eisteddfod en Gala aand nie.

- Voorsiening word gemaak vir sekuriteit in die parkeerareas
- Kunswerke **MOET op 15 September 2023** afgehaal word. Die Eisteddfod behou die reg voor om alle kunswerke wat nie afgehaal is nie binne **sewe** werksdae vanaf die afhaal datum te vernietig.